

Tylosema esculenta

E: gemsbok bean, A: elandsboontjie, maramaboontjie, braaiboontjie, D: Bauhiniabohne, Elandsbohne, Maramabohne, H: otjipiva (Pflanze) ombanui (Frucht) ozombanui (meervoud)

Vir die Kalaharibewoners is hierdie plant een van die belangrikste plantaardige voedselbronne: Dis meerjarig, die kos (neute) kan lank gebêre word, die voedingswaarde is baie hoog: ongeveer 40% proteïene), 40% olie, die res is koolhidrate.

Dit word uitsluitlik vir voedingsdoeleindes gebruik, medisinale gebruike is onbekend.

Jong plantjies se wortels word in die as gebak en genuttig.

Die neute word groen gepluk, uit die peul gehaal en in water gekook. dan kan 'n mens die dop oopsny en die gaar neut uithaal en eet. Die Boesmans stamp die gaar neute ook fyn en eet dit as pap.

Die neute kan ook gedroog word. Hulle word dan in die as gerooster tot die dop kraak. Die Hereromense rooster dit in 'n pot met sand, wat gedurig geroer word, om te voorkom dat die neute brand. Dis **baie lekker**, ietwat bitter en help die vertering geweldig aan; (dit sorg vir behoorlik gasontwikkeling in die derms.....oppas vir te veel eet!).

Met 'n karamel- of suikeroortreksel smaak dit ook baie lekker. Aan neutkoekies gee dit 'n besondere smaak (gebruik liefsv saam met ander neute, nie meer as tien neute per resep nie)



blom, blare met een peul



ombanui boontjie groen en droog



Ozombanui groen, droog, gaar gekook

In die laat somer is die vrugte ryp. Die blare en ranke begin opdroog, breek af, en binnekort is niks meer van die plant te siene nie....**maar**

ondergronds rus 'n reuse houtveselagtige bol, volgetap met water.

Dit het 'n dik nek (soos 'n twee-duim-pyp) , ongeveer 40 tot 50 cm lank, wat op 'n bo afgeplatte bol sit. Die ene wat ek probeer oopgrawe het, het 'n deursnee van ongeveer 50 cm gehad. Die bol self gaan dan nog weer ongeveer 40 tot 50 cm diep na onder toe. Dis 'n geweldige water-"tenk" wat ongeveer 200 l en meer (een drom) water bevat.

Daar is ene uitgegrawe wat 277 kg geweeg het, waarvan om en by 80% water is.




houtagtige ondergrondse bol




Die rank onder in die gat dui die omtrek van die bol aan

As die bol so groot is, is dit natuurlik 'n ou plant.


Na die eerste goeie reën begin dit takkies uitstoot met tweelobbige redelike groot blare wat nogal ver van mekaar sit. Dan verskyn daar heldergeel pragtige blomme, waaruit dan ook die peul met gewoonlik een of twee pitte ontwikkel (daar is tot ses pitte per peul al gevind, ek het nooit meer as twee gesien nie). Die takke groei tot drie meter lank en versprei straalvormig uit die middelpunt van die plant; so bedek een plant goed 2-3 vierkante meter Kalaharisand.



helikopter-speelding



ozombanui-neut-krale



Die donkerbruin sade word ook as krale gebruik saam met volstruiseierdopkraletjies, stukkies ystervarkpen, houtkraletjies ens.

Kinders maak ook 'n speelding met 'n dik grasstingel, twee tarentaalvere en 'n marama-neut. Dit word in die lug gegooi en produseer 'n helikoptergeluid soos dit afseil.

Inligtingsbronne: People's Plants (Ben-Erik van Wyk, Nigel Gericke)

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Fotos: *ondergrondse bol en blom, blare en peul* uit People's Plants (Ben-Erik van Wyk, Nigel Gericke)

helikopter speelding en Ozombanuit- neut-krale uit Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Teks en res fotos: Anka Eichhoff

April 2016